Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die kapitalistiese demokrasie het dit makliker gevind om liefdadig as regverdig te wees — hy gee weekloon plus aalmoes.*


# Die O.B.




*Die Ossewabrandwag wil dat die werker 'n regverdige aandeel kry in die opbrengs van sy arbeid — hy gee vergoeding plus seggenskap.*

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 10 NOVEMBER 1943. No. 1.

## VRYSTAAT TOON OOK GROOT VOORUITGANG

### Opbrengste Verdubbel in Generaalskap

Dat die Volksbeweging in die Vrystaat ook met onstuitbare krag toegeneem het, word bewys deur die bedrae wat in generaalskap C6 (Fouriesburg) met O.B.-dag ingesamel is. **Dit toon meer as 'n verdubbeling op verlede jaar se poging; toe is £500 ingebring vergeleke met £1,060 vanjaar.** Hierdie vooruitgang moet nie net toegeskryf word aan die ywer van die offisiere onder leiding van genl. H. A. J. du Toit nie, maar is die resultaat van vasberade inspanning deur elke Brandwag.

Die hoofkommandantskap van Bethlehem het £500 ingebring in vergelyking met slegs £200 in 1942. Die syfers vir die onderskeie kommando's is as volg met die bedrag van verlede jaar in hakies: Bethlehem £410 (£200), Kestell £80 (£30), Clarens £60 (£25), Ficksburg £40, Fouriesburg £220 (£100), Rosendal £30 (£15), Lindley £40 (nul), Paul Roux £100 (£70), Senekal se hoofkommandantskap £110.

## HULP AAN ONTSLANE GEÏNTERNEERDES

Ons bring weereens onder aandag van ons lesers die onlangs ingestelde Bystanddiens van die Ossewabrandwag. By geleentheid van die aankondiging daarvan het die Kommandant-generaal hom as volg daaroor uitgelaat:

,,In die afgelope maande is heelwat geïnterneerde Afrikaners vrygelaat. In baie gevalle is hulle nou vry om op straat te sit, sonder verdienste, sonder heenkome. Dit raak die Regering nie. Maar dit raak wel die Ossewabrandwag of 'n Afrikaner wat sulke offers gebring het, nou broodloos moet wees of nie. En temidde van al die sware verpligtings wat op sy skouers rus, gaan die Beweging ook hierdie een nie ontduik nie. Hy sê nie verniet dat hy die hoeder van sy broer is nie.

In die omstandighede het ons besluit om 'n O.B.-bystand te skep wat sover ons moontlikhede dit toelaat, hierdie kamerade sal bystaan met raad en daad. Aan die hoof daarvan stel ons 'n Afrikaner wat deur aanleg en ondervinding allessins geskik is om hierdie sware werk aan te pak. Deur aanleg en ondervinding, maar veral deur onvervalste toewyding. Dit is prof. L. J. du Plessis. Hy sal bygestaan word deur dr. P. J. Meyer en mnr. J. F. du Plooy. Losgelate geïnterneerdes wat nadere inligting wil hê, moet hulle wend tot dr. Meyer en mnr. Du Plooy in Spoorbondkas-gebou, Johannesburg.

Die doel van hierdie bystand is om die broodwinner waar moontlik weer in staat te stel om homself en sy afhanklikes te versorg. Ons wil hom help om homself te help.''

## VOLKSKONGRES

Deur die F.A.K. is 'n oproep aan alle Afrikaanse liggame gedoen om verteenwoordigers te stuur na die groot volkskongres oor moedertaalskole wat op 14 Desember in die stadsaal, Bloemfontein, gehou word. Die kongres vind plaas onder voorsitterskap van prof. J. C. van Rooy en as sprekers tree op dr. G. G. Cillie en dr. J. D. du Toit (Totius).

# Afrikanerdom Draai Rug op Party-Politiek

## Stemmetal van H.N.P. Toon Oral Geweldige Agteruitgang

**Die Provinsiale verkiesingsuitslae van verlede week spel een groot woord en dit is UITGEDIEND. Uitgediend is die partystelsel wat 'n eenheidsvolk verbrokkel totdat hy so magteloos is dat 'n oorlewende fraksie 'n agterhoede-geveg teen 'n toenemende vyand moet voer. Uitgediend is daardie partypolitiek wat die eie broer wegstoot uit vrees dat die boedel dalk verdeel sal moet word, en uitgediend is die politiekery wat te midde van 'n drukkende oorlog eleksie hou oor na-oorlogse heropbou en te midde van nypende armoede en gesondheidsverval beroering bring oor die taalmedium in skole.**

**Die uitspraak van die volk en by name die Afrikanervolk is dat hy vir goed en vir altyd klaar is met hierdie politiek. Dit bewys die uitslae.**

Dit is onnodig om 'n vergelyking te maak met die vorige Provinsiale Rade waarin die nasionaalgesindes in Kaapland by voorbeeld 27 setels gehad het, terwyl die ,,Afrikanerdom se enigste party'' hierdie keer maar 18 het, en in die Vrystaat nou 21 het teenoor 23 in die vorige Raad. Die vergelyking van hoe die Afrikanerdom by die stembus met rasse skrede agteruitgaan, kan beter getref word met die Parlementêre verkiesing van DRIE MAANDE gelede. Toe het Kaapland 19 nasionale setels verower en Transvaal 11. **Binne drie maande het die syfer gedaal tot 18 en 9 onderskeidelik.** Die kiesafdelings in hierdie twee Provinsies is presies dieselfde as vir die parlementêre verkiesing.

### NASIONAALGESINDES BLY WEG

**Die belangrikste verskynsel is die totale gebrek aan belangstelling vir die stembus. Slegs tussen 50 en 60 persent van die kiesers het die moeite gedoen om hul stemme uit te bring, EN DIE MEERDERHEID VAN DIE TUISBLYERS WAS NASIONAALGESINDES.**

As verskoning vir die nederlaag van 7 Julie het die nasionale politici aangevoer dat dit 'n kakie-eleksie was. Die oorlog sou dan die deurslag gegee het. **Hierdie keer egter het dit nie oor die oorlog gegaan nie. Die nadruk is gelê op die taalstryd en op die Afrikanerdom is 'n beroep gedoen om sy taal by die stembus te gaan verdedig. Nogtans vind ons die snaakse verskynsel dat daar feitlik vir elke Regeringsondersteuner wat hierdie keer nie gestem het nie, twee nasionaagesindes buite stemming gebly het.** So by voorbeeld kan Die Burger kla dat die Sapkandidaat in Ceres ,,daarin geslaag het om sy party se stemmetal van 7 Julie te handhaaf en 241 Nasionale kiesers hierdie slag hul plig versuim het.'' **Byna sonder uitsondering vind ons dan ook dat die H.N.P. se stemmetal geweldig agteruitgegaan het, terwyl die Regering se stemmetal op sommige plekke glad nie en in meeste gevalle 'n geringe agteruitgang toon.** Onderstaande voorbeelde, geneem uit Nasionale vestings, openbaar die feit baie duidelik:

### VOORBEELDE

**In Albert-Colesberg het daar hierdie keer 452 Sappe minder gestem as op 7 Julie, terwyl die Nasionale stemmetal met 911 gekrimp het; in Ceres het die Sappe 18 stemme minder gekry en die H.N.P. 241; in Gordonia het die Sappe 412 stemme minder en die H.N.P. 927; in Wonderboom het die Sappe 689 minder en die H.N.P. 1,246 minder; in Christiana is die Sappe se vermindering 366 teenoor 'n H.N.P.-vermindering van 1,156; in Pietersburg (waar die O.B. verlede keer die H.N.P.-kandidaat gesteun het nadat hy versekerings gegee het) het die H.N.P. agteruit gegaan met 1,034 stemme teenoor die geringe agteruitgang van 180 aan Sap-kant.**

Onder normale omstandighede sou mens net die teenoorgestelde neiging verwag het. Die oorloggesindes moes hierdie keer hul belangstelling verloor het omdat die stryd nie oor die oorlog gegaan het nie, en tog is dit die Nasionale Party wat agteruitgaan. **Die rede daarvoor kan slegs wees dat die Afrikaanse kiesers hul vertroue in die H.N.P. en sy leiding verloor het.** In die verkiesing op 7 Julie het tienduisende Afrikaners vir dr. Malan gestem net omdat hulle teen die oorlog was. O.B.-lede is daartoe aangeraai. **Dr. Malan het dit egter beskou as 'n mosie van vertroue in sy party. H.N.P.-leiers het dan ook oral verkondig dat die volk die H.N.P. aanvaar het as sy enigste wapen. Nou moet hulle egter uitvind dat die Afrikanerdom by die tienduisende sy rug op die H.N.P. gedraai het ondanks die dringende beroepe in verband met moedertaal-skole.**

### DIE VRYSTAAT

Die Vrystaat vorm 'n tipiese voorbeeld van die houvas wat dr. Malan op die volk verloor het. Omdat hierdie Provinsie 25 kiesafdelings vir die Provinsiale Raad het teenoor 13 vir die Parlement, kan hy nie setel-gewys vergelyk word nie. Die stemme-verhouding tussen die partye behoort egter 'n suiwere beeld te gee. **In so 'n nasionale vesting soos Bethlehem het daar op 7 Julie 2 Nasionaalgesindes gestem vir elke Sap. Hierdie keer het die H.N.P. maar 'n meerderheid van 279 gehad sodat die verhouding met byna 1 tot 1 ten gunste van die Sappe gedraai het. In Harrismith was die verhouding tussen nasionale stemme en Sap-stemme ongeveer 2½ tot 1 by die parlementêre verkiesing, terwyl dit hierdie keer ook feitlik gelyk is, daar die H.N.P. 'n naelskraap-oorwinning behaal het.**

**Dit bewys dat meer as die helfte van die Afrikaners wat hier op 7 Julie teen die oorlog gestem het, dié keer geweier het om 'n stem op die H.N.P. uit te bring. En hierdie meerderheid is glo dan die ,,afwykende groepe''!** Voeg hierby nog die tienduisende dwarsdeur die land wat al op 7 Julie buite stemming gebly het (24 persent het toe nie gestem nie) en dit behoort vir elkeen duidelik te wees dat die Afrikanerdom uitgeput en sat is vir die partypolitiek. Sat is vir die broederstryd van partypolitici wat oorlog verklaar op magtige volksorganisasies, net omdat daardie organisasie hom dan ook vir 'n republiek beywer! En wat daarna weier om die broederhand weer op te neem al word dit hulle aangebied. Dit is dan ook treffend om in Die Burger by voorbeeld 'n saaklike verwysing sonder droefheid te vind in verband met die verlies van Pietersburg. Gezina en

(Vervolg op bls. 2, kol. 4)


120 Takke 49,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £144,000

**Hoofkantoor:**

**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**

**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

**£100,000** in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— Johannesburg: Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. Kaapstad: Kamer 614, Groote Kerkgebou. Bloemfontein: St. Andrewstraat 123. Port Elizabeth: Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

**EXCELSIOR MEUBELS BPK.**

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—

M. ....................................................

........................................................

(O.B., 10 Nov. 43) ........................................

*Ons sukses is u voorspoed*

## Schoemanello Drank...

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraal-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEUR-BRANDEWYN:** | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.


**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.**

# Die Geloof van 'n Brandwag Getoets

V.

„Jy het vorige week heelwat te sê gehad oor julle aksieplanne," sê my vriend by die hervatting van ons politieke geselskap, „en al het jy die saak baie onskuldig probeer voorstel, is dit tog duidelik dat al die aksies maklik deurmekaar kan loop en 'n uiters gevaarlike koers kan inslaan."

„Ja, dit is so," sê ek, „maar dit is dan ook een van die redes waarom ons so nadruk lê op gesag en dissipline. As 'n volk tot die **daad** oorgaan, as dit nie meer wil berus by die praatjiesmakery van die praathuis nie, dan moet daar gesagvolle leiding wees; anders loop dinge verkeerd."

„Nouja, daarteen het ons nou nie juis beswaar nie. Ons verkies net om ons leier op demokratiese manier te kies. Maar dat hy gesag moet hê, veral as hy dan ook hoof van die staat is, dit is seker. Dat julle O.B.-ers dan ook so danig die gesagstaat as ideaal vooropstel, dit is al heeltemal oorbodig: ons is almal voorstanders van die gesagstaat!"

„Dit verbaas my werklik om dit van jou te hoor: is dit dan nie juis een van julle vernaamste besware teen die O.B. dat hy dan, volgens julle, self onder 'n diktatuur gebuk gaan en daardie diktatuurstelsel op die hele volk wil afdwing?"

„Ja, soos ek gesê het, ons wil ook gesag by ons leier en regering sien, maar ons wil hom met meerderheidstem aanstel en as dit nodig word, ook weer afskaf. En dit is juis waar julle diktatuur inkom: julle stem julle hoof nie in of uit nie; hy word deur 'n paar persone vir julle aangewys en al wat julle kan doen, is maar net om uit te roep: Heil en hulde!, m.a.w. ja, baas, dankie baas!"

„Ou maat, dis darem baie duidelik dat jy dié gees en stelsel van die O.B. nie verstaan nie, ja, dat jy nie begryp wat gesag eintlik is nie. **In die O.B. is daar nie baas of klaas nie, maar net broers, en onder hulle word die leier vir elke soort werk aangewys in die eerste plek deur sy eie bekwaamheid vir daardie soort leiding en in die tweede plek deur die vertroue van sy medebroers. Daarop berus sy gesag en daarop alleen kan gesag onder mense berus. Dit is nie iets wat in of uitgestem kan word nie. Maar as die bekwaamheid wegval en die vertroue verdwyn, dan is ook die gesag daarmee heen."**

„Dit mag so wees, maar wie gaan nou sê wanneer dit gebeur het? Ons wil hieroor sekerheid hê, en daarom laat ons die belanghebbendes stem oor die kwessie van vertroue of wantroue. Die uitslag van die stemming wys dan aan wat is wat, en wanneer dit sulke tyd is."

## DIE MASSA

„Ja, julle trek natuurlik peil op die massastem; **ons glo meer in die insig van die paar persone wat in elke leiding ten nouste met mekaar saamwerk en deur hulle leiding in voeling is met die algemene oortuiging.** Maar dink jy dat 'n leiding wat berus op die massastem en enige tyd deur daardie stem verwyder kan word, werklik gesag kan hê, gesag om die groot dinge te doen wat nog vir die Afrikanerdom gedoen moet word?"

„Wel, waarom nie? Dink jy ons presidente van die ou republieke het nie die nodige gesag gehad nie?"

„Party van hulle het dit seker gehad, maar juis omdat hulle deur die krag van hulle persoonlikheid eintlik nie van die massastem afhanklik was nie. Ek dink veral aan president Paul Kruger. As die stem maar net die leierskap bekragtig wat van nature daar is, dan kan daar geen beswaar teen wees nie, en daarteen het ons dan ook geen beswaar nie."

„Maar wat is dan eintlik die verskil tussen ons?"

„Die verskil sit hierin dat dit nie nou tyd is om op die vrye volkstem die nadruk te lê nie. Ons volk is deur daardie liberalistiese beginsel al so bederf dat hy totaal versot is op mosies van wantroue in enige leier wat sterk durf optree, soos nou veral nodig is. **Boondien is dit nie net die Afrikanerdom wat in Suid-Afrika die stem het nie, maar 'n bonte mengelmoes. En wat die ergste is, die sogenaamde vrye volkstem word na willekeur heen en weer geswaai deur allerhande draadtrekkers op seepkissies, in redaksiekantore, in Hoggenheimerkonferensies, ens., ens."**

„Maar is dit nie vir ons geleer dat die stemreg 'n heilige erfenis is van ons Calvinistiese volksverlede?"

**„Dit word gesê, maar die waarheid is dat die Calvinisme nooit gesteld was op ongekontroleerde volkstemminge nie. Kyk maar na ons Calvinistiese kerke: daar vind jy geen vrye volkstemminge nie."**

„Hoe dit sy, die feit is dat ons teenswoordig almal aanhangers is van die gesagstaat in hierdie krisistyd. As die O.B. dus meen dat hy hierin iets besonders verkondig, dan is dit nie so nie. Dit is in die gees van die tyd: Amerika het dit, Engeland het dit, en Suid-Afrika het dit ook reeds onder Smuts, en selfs dr. Malan dink ook aan 'n volmagregering, tenminste vir die kritieke oorgangstyd."

## GESAGSTAAT

„Daar is 'n skyn van waarheid in wat jy sê. **Maar met 'n gesagstaat bedoel ons tog iets anders as 'n noodregulasie — of volmagregering. Die staat wat ons beoog, is 'n gesagstaat omdat dit in die ware sin 'n volkstaat is en nie 'n massastaat of 'n klas- of partystaat nie. Hy het gesag omdat hy die volk se ware en volle aard en wese op politieke gebied beliggaam, omdat die volk daarin sy eie self erken."**

„Maar waarom sou die state wat ek genoem het, of die nasionale regering van die toekoms dan nie volkstate wees nie?"

„Eenvoudig omdat hulle nog die liberalistiese suurdeeg bevat, nl. die verderflike leer dat dit eintlik die massa is wat regeer, en nie die owerheid nie. Hierdie massa-dogma, hierdie bontspul-geloof, beteken eenvoudig dat die regering oorgelewer word aan die draadtrekkers van partye en maatskaplike klasse, eers die klas van die geldbesitters in die kapitalisme totdat dit oorslaan na die klas van nie-besitters in die kommunisme. **So 'n staat het geen gesag nie, maar net mag, omdat dit nie beantwoord aan die orde van die natuur wat God Almagtig, die Skepper van volke as lewenseenhede bepaal het nie."**

„Wil jy dan beweer dat die nasionale gesagstaat wat julle beoog, alleen liberalisme, kapitalisme en kommunisme, sal uitban? En tog het die nasionale party so 'n suiwere nasionale en sosiale beleid as wat 'n mens maar kan wens om te hê."

„Ek glo wel dat die partyleiers dit daarmee goed bedoel, maar daar is 'n vlieg in die salf wat ek volgende keer sal probeer aanwys."

## *VERJAARDAGKETTING*

**11 Nov.:** Hettie van Rensburg (Carnarvon), Beatrix M. Meiring (Kirkwood), Lena Maritz (Somerset-Oos), Johan D. H. Coetzee (Lindley), Magdalena J. van Heerden (Vryburg).

**12 Nov.:** Maans Wagener (Ceres), Ronette Mostert (Beaufort-Wes), Lacharia Victor (Wynberg), Isabel Wolmarans (Port Elizabeth), Annie Eksteen (Franschhoek).

**13 Nov.:** Francis M. H. Sampson (Port Elizabeth), Aletta M. M. Muyburgh (Merweville), Maria Jooste (Sutherland), Petronella Kapp (Glenroy).

**14 Nov.:** Bertie Louw (Suider-Paarl), Anna Havinga (P.K. Maribogo), Katie van der Meulen (Bedford).

**15 Nov.:** Jakoba Ellis (George), Cornelia Barnard (George).

**16 Nov.:** Huibrecht Jordaan (Sutherland).

**17 Nov.:** Jan Moolman (Cradock), Abraham du Plessis (Sutherland), Johannes P. van der Merwe (Tiervlei), Elise Hattingh (Tarkastad), Helena C. J. Maas (Wesselbron).

## AFRIKANER DRAAI RUG OP PARTYPOLITIEK

(Vervolg van bls. 1, kol 4)

Ceres — **wat drie maande gelede nog deur die H.N.P. verower is** — maar 'n uitbundige juigtoon oor die oorwinning in Beaufort-Wes waar geen Sap-kandidaat gestaan het nie, waar dit dus 'n ongelukkige broederstryd was. **Groter blydskap oor die broer wat versaan is as droefheid oor die drie ondersteuners wat geval het!**

Dit is hierdie gees waarteen die volk hom nou uitgespreek het en daarmee het die Afrikanerdom ook die partypolitieke wapen neergelê. Om teen hierdie uitspraak langer in te gaan ter behoud van 'n party wat besig is om te verdwyn teen 'n tempo van een setel per maand, is om die volk se vrywording te vertraag.

Daar is slegs een grondslag vir die Afrikanerdom om vir die oorwinning te veg, **en dit is 'n Volksbeweging wat sy deure oop laat vir elke goeie Afrikaner wat teen die Empire wil veg en geen Afrikaner uitsluit terwille van tydelike politieke opvatting nie.**

# BYEENKOMSTE!!

Die Gebiedsleier van Gebied „E", die Rand,

**H/GENL. LOUIS BOOTHA**

sal met sy reis deur Gebied „B", Kaapland, byeenkomste op die volgende plekke en datums toespreek. Waar die plek van byeenkoms of die tyd nie aangegee word nie, sal dit plaaslik bekend gemaak word.

| | | |
|---|---|---|
| KIRKWOOD .. .. .. .. .. | 19 Nov. | 8 nm. |
| PORT ELIZABETH .. .. .. .. | 20 „ | „ |
| ADELAIDE .. .. .. .. .. | 22 „ | „ |
| CRADOCK .. .. .. .. .. | 23 „ | „ |
| STEYNSBURG .. .. .. .. .. | 24 „ | „ |
| BURGERSDORP .. .. .. .. | 25 „ | „ |
| ALIWAL-NOORD .. .. .. .. | 26 „ | „ |

# Brandwagte Aandag!!

## VOORLIGTINGSVELDTOG IN GEBIED „C"

| Datum | | Plek: | Tyd: | Spreker: |
|---|---|---|---|---|
| 5 | November | Lindley | 10.30 v.m. | Genl. Dr. P. J. Meyer |
| 5 | „ | Paul Roux | 8 n.m. | „ „ „ „ |
| 6 | „ | Senekal | 10.30 v.m. | „ „ „ „ |
| 8 | „ | Rosendal | 3 n.m. | „ „ „ „ |
| 8 | „ | Ficksburg | 8 n.m. | „ „ „ „ |
| 9 | „ | Fouriesburg | 10.30 v.m. | „ „ „ „ |
| 9 | „ | Clarens | 3 n.m. | „ „ „ „ |
| 11 | „ | Lakeview Kerksaal | 8 n.m. | Genl. Puren |
| 12 | „ | Bainsvlei Tee Tuine | 8 n.m. | „ „ |
| 13 | „ | Dewetsdorp | —— | „ „ |
| 15 | „ | Zastron | —— | „ „ |
| 22 | „ | Bloemfontein Ambulanssaal | 8 n.m. | Prof. Dr. Rautenbach |
| 26 | „ | Kimberley | 7.30 n.m. | Genl. Ds. Stander |
| 27 | „ | Douglas | 10 v.m. | „ „ „ |
| 27 | „ | Postmasburg | 7.30 n.m. | „ „ „ |
| 29 | „ | Deben | 11 v.m. | „ „ „ |
| 29 | „ | Kuruman | 7.30 n.m. | „ „ „ |
| 2 | Desember | Mafeking | —— | Prof. Dr. L. J. du Plessis |
| 3 | „ | Stella | —— | „ „ „ „ |
| 3 | „ | Vryburg | —— | „ „ „ „ |
| 4 | „ | Reivilo | —— | „ „ „ „ |

Waar die tyd van byeenkoms nie aangegee word nie, sal dit plaaslik bekend gemaak word. Alle Brandwagte moet teenwoordig wees. Alle belangstellende Afrikaners is hartlik welkom.


*VIR JUKSKEIE*

en Kombuisbenodighede

**P. J. KOCK**

Carolinestraat 146 — BRIXTON

Foon 35-3882 — JOHANNESBURG

*SPESIALE AANBOD,* —

LAAT BESENDING AANTREKLIKE

„Jarmode"- en „Gero"-

BAADJIEPAKKE en JASSE

Teen egte verminderde Pryse by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

# Churchill sê hy sou self Fascis Gewees het in Italië

## MOES LAND VAN KOMMUNISME RED

*In Benito Mussolini se lewensbeskrywing (tot 1939), met 'n aanbevelende voorwoord deur Richard Washburn Child, voorheen Amerikaanse gesant in Italië, — uitgegee deur Hutchinson & Co., Londen, — lees ons op bll. 283 — 286 (ons vertaal): —*

Winston Churchill, die toenmalige Kanselier van die Skatkis, het Italië in Januarie 1927 besoek, en in 'n onderhoud vir publikasie in die Italiaanse pers 'n opsomming gegee van die sienswyse deur die meeste regdenkende mense gehuldig ten opsigte van Fascisme en Il Duce. Hy het nl. verklaar:

„Onwillekeurig is ek betower deur Signor Mussolini se hoflike en eenvoudige maniere en deur sy kalm en bedaarde voorkoms, ten spyte van menigerlei probleme en gevare. Dit is maklik om te bespeur dat sy enigste gedagte die welvaart van die Italiaanse volk is, soos hy dit verstaan, en dat alle ander geringer belange vir hom geen waarde het nie.

Heelwat is aan my meegedeel aangaande u geïnkorporeerde wette waarby, na ek verneem, twintig miljoen werksame burgers regstreeks aan die Staat verbind is en waarby die Staat verplig is om teenoor hulle en hulle afhanklikes die mees direkte verantwoordelikhede op hom te neem. Hierdie beweging (Fascisme) is uiters interessant en die resultate daarvan sal met aandag gevolg word deur alle ander lande. Vanselfsprekend word die meeste welwillendheid en samewerking van die hele volk geverg, sowel as duidelike en verstandige leierskap van die Staat. Dog ten aansien van so 'n stelsel wat deur almal geesdriftig aanvaar word, is dit eenvoudig belaglik om te beweer dat die Italiaanse Regering nie op 'n populêre basis gegrond is nie, of dat dit nie met eenstemmigheid die daadwerklike en praktiese steun van die massas geniet nie.

„Verskillende nasies doen dieselfde ding op verskillende maniere. Woorde en terme lei dikwels tot vergissings. Die waardes en betekenisse wat aan woorde geheg word, verskil van land tot land. Geen politieke vraagstuk kan onafhanklik van sy atmosfeer en omgewing beoordeel word nie. **As ek Italianer was, sou ek stellig saam met u gestaan het, van die begin tot die einde, in u oorwinningstryd teen die dierlike luste en hartstogte van Leninisme.** In Engeland is ons egter nie genoodsaak om hierdie gevaar in dieselfde dodelike vorm die hoof te bied nie. By ons doen ons dinge op ons eie besondere manier. Aan een ding twyfel ek egter nie: ons gaan slaag in ons stryd teen die Kommunisme.

„Graag wil ek 'n paar opmerkings maak oor die internasionale aspekte van Fascisme. U beweging het aan die hele wêreld 'n diens bewys. Die groot vrees waardeur alle Demokratiese of Sosialistiese leiers gedurig gefolter word, is dat hulle miskien oortref kan word deur die een of ander leier met 'n nog meer radikale sienswyse. Dit is al beweer dat 'n voortdurende wedloop in 'n Linkse rigting en 'n fatale politieke omkeer na 'n afgrond kenmerkend was van alle politieke ewolusies. Italië het die bewys gelewer dat daar 'n metode is om ondermynende magte te bestry, nl. 'n metode wat tot die volksmassas 'n oproep kan rig om werklike samewerking vir die eer en in die belang van die Staat.

„Italië het getoon dat die volksmassas, onder bekwame leiding, die eer en die stabiliteit van die beskaafde gemeenskap na waarde skat en gewillig is om dit te verdedig. Italië het teen die Russiese vergiftiging die nodige teëgif verskaf. Van nou af hoef geen volk te reken dat hy beroof is van 'n laaste beskermingsmiddel teen kwaadaardige gewasse nie, en elke Sosialistiese leier in elke land behoort hom sterker te voel in sy weerstand teen onbesonne en afbrekende teorieë. Die groot volksmassa het hulle land lief en is trots op sy vlag en sy geskiedenis. Hulle beskou dit nie as onverenigbaar met 'n vooruitstrewende opmars in die rigting van maatskaplike regverdigheid en ekonomiese verbetering nie." *Aldus Churchill in 1927.*

Tydens sy kort verblyf in Rome het Churchill verskeie dinge ontdek: Eerstens, dat Italie in 'n groter gevaar van 'n Kommunistiese rewolusie verkeer het as enigeen van die Entente-moondhede. Tweedens, dat daar maniere was om dinge te doen wat vir die mentaliteit van 'n Londense Engelsman van die twintigste eeu wel vreemd was, maar in Italië in 1927 billik en doeltreffend geag is. Ten slotte, dat Fascisme geen diktatuur was nie, maar wel 'n staatkundige masjien van 'n nuwer model, wat met samewerking van die groot volksmassas sy taak verrig het. Wat Churchill ontdek het, was wat elkeen vroeër of later uitgevind het, nl. dat alle volke dieselfde doelwitte het, maar verskillende maniere om dit te bereik. Die liefde vir jou land, vir jou vlag, en vir jou geskiedenis was nie onverenigbaar met maatskaplike regverdigheid en ekonomiese verbetering nie. Hy het aan Graaf Giuseppe Volpi di Misurata, Italiaanse Minister van Finansies, en aan Benito Mussolini versoek om vir hom te toon wat Fascisme gedoen het om die lewenstandaard van die massas te verhoog, en hy is in staat gestel om self waar te neem hoe die styging in lone en in die koopkrag van die lira grafies bewys is deur statistieke en deur studies van allerlei aard. *(Deur prof. J. A. Wiid).*


**TOT U DIENS!!**

Reeds vir 2 jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan plattelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel.

**ONS BIED U MEUBELS**

vanaf u kombuis tot by u slaapkamer.

Enige spesiale ontwerp word in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak.

**Stinkhout-meubels**

'n spesialiteit en aangebied teen fabriekspryse

**MEYER en FERREIRA**

**Laer Hoofweg 287**

**OBSERVATORY**


## KOMMANDO ONTHUL 'N GRAFSTEEN

Vanuit Hekpoort, Transvaal, word berig dat die kommando's EIA2 en EIA7 by geleentheid van Heldedagviering ook die grafsteen onthul het van wyle sers. Theunis Louw wat op 11 Augustus 1942 in diens van die Ossewabrandwag verongeluk het. Die grafsteen is deur die kommando self opgerig en is die eerste van sy soort. Dit is 'n pragtige stuk werk uit blou graniet, vyf voet hoog, met die O.B.-wapen en pragtige bewoording daarop. As sprekers het opgetree genl. Boshoff en genl. P. J. Meyer, terwyl ds. Van Schalkwyk van Rustenburg die skriflesing waargeneem het.

Die kommando het ook 'n afdeling van die Boerejeug gestig wat totsover 'n dertigtal lede het.—(Meegedeel.)

## WINBURG BEDRYWIG

Op Saterdag, 9 Oktober, het die Winburgse manne- en vroue-kommando's 'n geslaagde funksie met Heldedag gehou.

Gebiedshoofgeneraal J. F. van der Merwe het 'n pragtige toespraak die middag gehou oor ons ontslape helde. Ook moet ons aan ons helde van vandag dink en dankbaar vir sulke manne wees, het hy gesê.

Komdt. Gutter het die Brandwagte hartlik bedank, ook namens komdte. mev. Wessels, vir die groot prestasie met 8 Aug. l.l., toe hulle die reusebedrag van £234 ingesamel het.

Ook kan ons dankbaar wees vir die groot bydrae vir die O.B.-Noodhulpfonds, waar hulle alleen ingevolge die Schoeman-aanbod die bedrag van £95 gegee het vir die O.B.-Noodhulpfonds.

Ons voel trots op sulke vroue wat met elke geleentheid, 'n sportbyeenkoms of 'n vendusie, regstaan met verversinge om daardeur 'n gereelde bydrae vir die Noodhulpfonds in te samel.

Ons voel ook besonder dankbaar dat ons getroue mede-O.B.-lid, Wessel Rautenbach, weer op vrye voet by sy vrou en kinders is, nadat hy vir 10 dae onder die kruisvuur van speurders in die tronk aangehou was.—(Meegedeel.)

## WOLMARANSSTAD WAKKER

O.B.-dag is deur die hoofkommandantskap Wolmaransstad onder leiding van hfkomdt. A. Kellerman op 4 September gehou. Die geesdrif by die geleentheid blyk uit die £120 wat ingesamel is wat verlede jaar se opbrengs ver oortref. Genle. K. Malan en dr. W. P. de Villiers het as sprekers opgetree, terwyl hfkomdte. A. Wentzel ook 'n kort toespraak gehou het.

'n Dogtertjie, Gezina du Plessis, het 'n bottel met 240 pennies wat sy gespaar het, aan komdte. Gericke van Leeudoornstad oorhandig vir die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners. Sy het ook sommer dadelik weer begin spaar om volgende keer £5 te kan gee.—(Korr.)

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.


**Waarde vir geld**

**Kommando -sigarette**



**S. J. KRYNAUW**

**Algemene Handelaar en Produkte Koper.**

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste Pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v NUWE- en GARCIASTRAAT
Foon 68 — Posbus 54

**BEAUFORT-WES**

# VAN ZYLS

**HOOFSTRAAT, PAARL.**

**MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS**

**RAADPLEEG ONS VIR TENNIS-BENODIGHEDE**

**Groot verskeidenheid Rakette in voorraad**

Herstel en Hersnaring van Rakette word onder toesig van deskundiges gedoen

OOK OP — — — PORTERVILLE

**Voorslag-Pynpoeiers** *Die Veilige Verbanner van ALLE PYNE*

***Hoofpyn, Sinkingspyn, Rumatiek, Vroulike Pyn, Tandpyn, Verkoues en Influensa***

**DIE VOORTREKKER-APTEEK**

**KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).**
**MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).**
**ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.**

***AS U HANDELAAR U NIE DAARVAN KAN VOORSIEN NIE VRA HOM OM DIT VIR U TE BESTEL.***

*Hoofartikelblad Advertensies*
Aankondigings van O.B.-funksies word in hierdie kolom opgeneem teen 10/- per duim.

BYEENKOMSTE

Die Adjunk-Komdt.-Genl.
Genl. J. A. SMITH
spreek vergaderings toe op die volgende plekke:

MERWEVILLE .. 15 Nov. '43.
PRINS ALBERT 16 „ „
LAINGSBURG .. 17 „ „

Tyd en plek van byeenkoms sal plaaslik bekend gemaak word.

'N KUNSSTUK
OM OP
TROTS TE WEES

Dit verdien 'n ereplek in elke O.B.-huis!




GEBEELDHOUDE GIPS-RELIEF VAN ONS
KOMMANDANT-GENERAAL

Grootte 8½dm. x 12½dm.
Prys £1-5-0 of £1-7-6 posvry.
Kontant met bestelling.

Bestel dadelik van:
PUBLICITÉ
Handelsreklamediens (Edms.) Bpk.
Spoorbondkasgebou, Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

BRAAIVLEISAAND!!!
EN BOERESPORT!!

Die Veldkornetskap van Brackenfel hou 'n braaivleisaand te
BRACKENFEL
op die plaas „Eikenhof"
van Brandwag S. G. Maree
op
*Saterdag, 13 Nov. 1943*
Boeresport vanaf 3-uur n.m.
Bring Jukskeie saam.
Daar sal vleis, wors, pannekoek en koffie verkoop word.
Besoekers moet bekers saambring.
Fondse ten behoewe van die Noodhulpfonds.

DIE O.B., WOENSDAG, 10 NOV. 1943

# Enigste Grondslag

„Waarheid en reg is soos 'n brandende fakkel in 'n verloregaande wêreld," het genl. J. A. Smith by geleentheid van die huldigingsfees te Paarl gesê.

„Dit is duidelik dat die Ossewabrandwag 'n roeping het wat hy nog eers sal moet vervul voordat hy ondergaan," het die Kommandant-generaal by dieselfde geleentheid gesê.

Die besef dat ons geroepe is tot 'n taak, bring 'n dankbare verantwoordelikheid mee, het ons in ons vorige hoofartikel verklaar.

Hierdie drie uitsprake saam vorm 'n eenheid wat die enigste grondslag kan vorm waarop die toekomstige gesagstaat blywend sal kan rus. En as ons aan 'n duursame oplossing van ons groot volksvraagstukke deur middel van die Volksbeweging dink, sal ons nou al hierdie waarhede in gedagte moet hou by die bepaling van ons toekomstige rigting. Die Ossewabrandwag van vandag is die fondamentstene van die staat van môre. Soos ons die stene vandag lê, so sal die gebou van môre daar uitsien.

**ONTBINDING**

Die verloop van die geskiedenis kan beskryf word as 'n voortdurende stryd teen verval. Dis 'n stryd tussen die goeie en die slegte. Deur sondekieme besmet, verval alles wat die mens sy hand aan slaan in 'n toestand van ontbinding, en as daardie ontbinding nie vroegtydig gekeer word nie, verloop dit tot 'n euwel wat in die politieke taal 'n „vraagstuk" genoem word. Op godsdienstige, sedelike en staatkundige gebied moet daar dus voortdurend hervormend gewerk word. **En die groot momente in die wêreldgeskiedenis is juis daardie hervormingsdade waardeur 'n verrotte stelsel of toestand herskep of vervang word deur 'n nuwe.** En daardie verrotte stelsel was by sy ontstaan op sy beurt weer 'n goeie stelsel wat as hervormende plaasvervanger van 'n ouer vervalle orde gedien het. Net so is die sosiale beginsels wat die Ossewabrandwag vandag verkondig, die hervormingsbasis wat 'n ou orde moet vervang wat eenmaal deur ons voorvaders met hul sweet tot stand gebring is, maar in die eeue daarna verword het tot 'n verdrukkende tiran. **Ook ons ideeë en beginsels is onderworpe aan dieselfde ontbindende faktore en gewis sal die tyd in die verre toekoms aanbreek dat ook hierdie stelsel wat ons vandag met soveel geesdrif en noodsaak aankondig, sy euwels sal baar waarteen daar weer hervormend opgetree sal moet word.**

**ROEPING**

Hierdie besef mag egter nie dien as 'n ontmoediging vir die stryders van vandag nie. Ons taak is om die volksmassas wat gebuk gaan onder die wrede euwels van 'n uitgediende stelsel te red, en as ons stelsel eendag uitgedien is — lank na ons dood miskien — sal dit die taak van ons nageslag wees om hervormend op te tree. **Deur ons optrede vandag, maak ons dit egter moontlik vir daardie geslag om in die lewe geroep te word vir hul besondere roeping.**

Die uiteindelike ontbinding kan nie voorkom word nie, maar deur ons eie optrede kan ons dit vertraag tot geluk en welvaart van 'n lang reeks geslagte. **En ons kan daardie ontbindende faktore alleen bekamp wanneer ons ons plaas op die grondslag wat deur genl. Smith genoem is die anker van Christelikheid.** Ons hervormingsdrang is gebore uit liefde vir ons volk en ons verdrukte volksgenote—skeppinge van God tot wie ons weens geboorte in 'n noue verhouding geplaas is. En hierdie verhouding van ons kan alleen gesond en duursaam bly solank ons staan op die ewige beginsels van waarheid en reg.

**ONVERANDERLIK**

Maar hierdie beginsels is nie maar net etiese begrippe wat deur mense uitgedink is en dus verander kan word om by ons selfsugtige neigings aan te pas nie, en ons roeping tot 'n besondere taakvervulling is ook nie maar net 'n geskiedkundige roeping wat deur die tydomstandighede genoodsaak is nie. As Christelike volk wat totsover behoue gebly het juis uit krag van sy Christelike verlede, en as Volksbeweging wat sy Christelike stempel bely in die leuse op sy wapen, **kan en moet ons volmondig erken dat die waarhede wat ons as rigsnoer aanvaar, die onveranderlike waarhede is wat deur God in sy Woord geopenbaar is. En saamgevat is daardie waarhede dit: Alles wat julle doen, doen dit tot eer en verheerliking van God.** Ons kan ons volk alleen dien en ons kan ons volksgenote alleen dan met liefde versorg, solank ons God daarin verheerlik, en ons kan Hom alleen verheerlik solank ons ons hou aan die ewige beginsels van waarheid, d.w.s. 'n opregte en regverdige handelwyse in elke ding wat ons doen. „Geregtigheid verhoog 'n volk", en enige poging tot oplossing van ons veelvuldige vraagstukke sal gekenmerk moet word deur regverdigheid. **Dit kan alleen die geval wees wanneer elke volksiid elke dag in elke daad vaskleef aan daardie waarhede wat die waarborg is vir duursame menslike verhoudinge.** Die grootste ontbindende faktor waarteen ons die stryd sal moet voer, is selfverheerliking en eie-diens — en dis 'n vyand wat deur die kleinste skuiwergat kruip.

By die herdenking van die stigting van ons O.B.-blad twee jaar gelede met die oorwinning reeds in sig, wil ons vandag as boodskap gee die woorde van 'n groot Nederlandse staatsman: **„Wat mens vir God, die vaderland en die naaste op die spel sit, is nie verlore nie, maar op woeker gestel." Solank ons in hierdie gees werk en stry, solank sal ons die rente geniet van ons huidige ywer.**

# Min of Meer Belangrik

## *Jag Vlooi op Wolf se Rug*

Verlede week is in die pers berig van 'n kleremaker wat beboet is omdat hy klappe aan 'n baadjie se sak gesit het. Dit is die kapitalistiese demokrasie se poging om te „beheer". Dat 'n kleremaker 'n klap te veel aansit is oorsaak vir optrede, want daardie klap kan moontlik die skeepsruimte in beslag neem van 'n sopie Skotse whisky. Maar die feit dat die gewone burger wat 'n lewenskoste-toelaag van £2 per maand ontvang, £14 moet gaan betaal by die kleremaker vir 'n pak klere wat voor die oorlog £5 gekos het, terwyl die materiaal van die pak nie meer as £2 in prys gestyg het nie — daarin vind hulle geen aanleiding vir optrede nie. Wat is 'n arm landsburger dan ook per slot van rekening in vergelyking met 'n bottel whisky!

* * *

## *Skoen Pas Baie Voete*

Die Turkse president se verklaring dat „beskawing en menslikheid die oorwinnaar in hierdie oorlog moet wees", en sy uitlating teen „die gees van oorheersing" word deur die Britse pers vertolk as 'n seën oor die Geallieerdes. Dit hang natuurlik af vanwaar 'n mens na die woorde luister. In Finland en Oos-Pole sal die uitspraak beskou word as teen Rusland gemik en in Suid-Afrika en Indië kan dit stellig as 'n anti-Britse gebaar vertolk word.

## *Eenvoudige Sommetjie*

Omdat Suid-Afrika, in die woorde van die Adjunk-voedselkontroleur, voedsel moet lewer „vir konvooie, vir krygsgevangenes, vir aangrensende gebiede, vir vlugtelinge, kos moet uitvoer en aanwend vir ander doeleindes as vir voeding van die land se bevolking", en volgens genl. Smuts se belofte ook nou na die deur Engeland geplunderde Indië moet uitvoer, staan die land voor 'n groot tekort aan vleis in die nabye toekoms. Om Suid-Afrika van 'n hongersnood soos in Indië te red, is 'n „vleislose dag" ingevoer deur die kapitalisties-demokratiese bewindvoerders. Dit is hul oplossing. **Die resultaat: die publiek koop dubbel soveel vleis op die dag vóór die „vleislose dag". Die eindresultaat: hongersnood soos in Indië.**

VERGADERING!!
'n Openbare Ossewabrandwag-vergadering word gehou
te
PRINS ALBERT
in die
BIOSKOOPSAAL
om 8-uur nm. op
*Dinsdag, 16 Nov. 1943*
Spreker:—
Adjunk-komdt.-genl. J. A. SMITH
Alle Afrikaners hartelik welkom

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre-Mark
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
*TOT U DIENS!* . . .
V.M.K. AANBEVEEL.

*KERSFEESKAARTE!*
MET DIE OSSEWABRANDWAG-WAPEN IN VOLLE KLEURE GEDRUK EN PASSENDE WENSE EN VERSIES
'N PRAGTIGE KUNSWERKIE
KONTANT MET BESTELLING 6/- (Per dosyn posvry)
Weens papier beperkings is daar net 'n beperkte voorraad Kerskaarte verkrygbaar.
BESTEL ONMIDDELLIK!! VOORKOM TELEURSTELLING!!
Bestel deur
Gebieds-Hoofkantoor Groote Kerkgebou
Kamer 603 Kaapstad
N.B. — Posbestellings word net vir 'n halfdosyn en meer aangeneem.

# Soldate Kan Geen Hulp Verwag Van Kapitalistiese Bewind

## Moet Geledere Sluit in Volksbeweging Saam met ander Volksgenote

**Naas die werker is die soldaat seker die grootste speelbal in die hande van die kapitalisme. Wanneer dit nodig word om 'n opkomende sosiale revolusie die hoof te bied en wapengeweld die enigste oorblywende middel in hande van die geldbase is om homself te handhaaf nadat bedrog en internasionale kuipery misluk het, is dit die soldaat tot wie die toevlug geneem word. In meerderheid gevalle word die soldaat dan gewerf uit die geledere van daardie werkers wat hul gesondheid en geluk verpand het vir brood aan die kapitalistiese maghebbers.**

In ons eie land vier jaar gelede het ons gesien hoe die masjinerie van die geldmag in werking kom. Deur middel van die magtige pers is elke gevoelsdraad in die menslike gemoed bespeel ten einde 'n oorlogsatmosfeer te skep wat die duisende soldate moes lewer. Redakteurs en politici wat ewe tuis in Palestina as in Egipte sal wees mits hul bankbalanse dieselfde bly, het die gloeiendste beroepe gedoen op die vaderlandsliefde van mense vir wie daar nog hoër waardes is as geld. Werkers wat die vryheid gehad het om te aanskou hoe hul base steeds ryker word en hulleself steeds armer, is opgeroep om te gaan veg vir die vryheid van gewete en die vryheid van besit. Dat albei hierdie vryhede net aan die geldbase behoort het, dit het hulle op daardie oomblik nie besef nie.

### PARADYS-BELOFTES

Deur die geldmag, met sy tweelingbroer die imperialisme, is daar 'n oorlogskoors geskep wat duisende jongmanne na die leër laat stroom het. **Hulle het nie nagedink oor wat van hul afhanklikes gaan word of van hulself na die oorlog nie, want sulke gedagtes is verdring deur die paradysbeloftes van die groot-kapitaal.** Hulle gaan veg vir 'n hemel op aarde en by hul terugkeer sal dit die dapper manne wees wat geëer sal word. Hoofde van Departemente het dan ook hier en daar luidrugtig verkondig hoe dat hulle hierdie nedersetting en daardie werk reserveer vir teruggekeerde soldate, **maar nadat die oorlog drie jaar aan die gang was, moes hierdie demokrate toegee dat duisende en duisende soldate werkloos sal wees, want nou reeds sukkel dit om die enkeles wat ontslaan word van werk te voorsien.**

Dat daar tienduisende ,,dapper manne'' na die oorlog op die strate sonder werk sou loop, is nie 'n saak waaroor die kapitalistiese demokrate besorgd is nie. **Sal so 'n toestand dan nie vir hulle 'n goedkoop arbeidsmark verseker nadat hulle hul sakke met oorlogsgeld gevul het nie? En wat die huidige regeerders betref, wat is daar om besorgd oor te voel as teruggekeerde soldate geen werk kan vind nie? Hul taak om vir die imperialisme en kapitalisme 'n oorlog aan te steek en deur te sien, is mos dan afgehandel vir tyd en wyl. Oor die chaos van die onmiddellike oorlogsjare steur hulle hul nie, want vir daardie tydperk gaan hulle eenvoudig bietjie vakansie hou in die ,,woestyn''. Volgens die demokratiese partystelsel kan enige regering eenvoudig ,,bedank'', sorg dat hy 'n verkiesing verloor, en sy brouwerk aan 'n ander ,,regering'' oorlaat vir hantering.** Oor vyf of tien jaar, wanneer die ,,ander regering'' ongewild geraak het weens die ekonomiese depressie wat op 'n oorlog volg, keer hulle terug tot die groen kussings om voorbereidsels te tref vir die volgende oorlog.

### BEDANK

Is dit nie wat in ons land reeds gebeur het nie? **Genl. Smuts, nadat hy die oorlog van 1914 ,,deurgesien'' het, het in 1924 feitlik sonder stamp of stoot bedank toe na-oorlogse chaos vir hom te magtig geword het. Dit was die Nasionale Party wat moes veg teen al die ontwrigting, onderwyl genl. Smuts en die syne rustig toegeskou het.** Die moeilike depressiejare moes die Nasionale Party deurworstel en toe hy in 1933 as gevolg daarvan so agteruit gegaan het dat hy die verkiesing sou verloor, het genl. Smuts met sy kapitaliste weer op die toneel verskyn en oorgeneem. Hulle het sonder genl. Hertzog se mede-wete dadelik voorsorg begin tref vir 'n nuwe oorlog. En ná hierdie oorlog sal die kapitaliste net so op hul gemak gaan sit en rus tot die chaos verby is wat hulle geskep het.

### ,,DAPPER MANNE''

Gedurende die vorige oorlog het die wêreld ook die mooi-klinkende slagkrete verneem van ,,'n tuiste vir elke dapper man'', **maar binne vier jaar nadat daardie ,,tuistes'' moes verskaf gewees het, het menige ,,dapper soldaat'' in Johannesburg se strate kennis gemaak met die ,,genade'' van die belofte-makers. Tientalle van die stakers wat indertyd deur die kapitalistiese bewind in Johannesburg neergeskiet of in die tronk gesmyt is, was manne wat vier jaar tevore huis en bloed opgeoffer het om die ,,beskawing te gaan red''. Hulle is toe opgehemel as die room van die land, manne vir wie die grootste beloning nog te gering sou wees. Maar by hul terugkeer was selfs hul hongerloon nog te groot in die oë van hul kapitalistiese base. Hulle moes vervang word deur goedkoper naturellearbeid en as hulle geweier het, dan doodgeskiet word.** Dit is die dank wat die soldaat in die verlede ontvang het, en dit is die dank wat hy na hierdie oorlog sal ontvang as die kapitalisme bly voortbestaan.

### NIE MEER DAPPER NIE

Merk ons dit nie vandag al nie? Het vrywilligers in die leër nie skielik 'n voorwerp van vervolging geword die oomblik toe hulle geweier het om die rooi eed af te lê nie? Is die Rooi-eednemers nie toe opgehemel as die ,,dapper manne'' nie? **Maar nou dat 'n blou eed ingevoer is en talle manne met oorlogsdiens in Noord-Afrika weier om dit af te lê, word hulle weer op húl beurt belaster en vervolg as manne wat nie weet om hul plig te doen nie. Hulle word gewetenloos ontslaan en in rang verlaag.** En sal die dank van die blou-eed-nemers eindelik groter wees as wat hierdie ander lede van die militêre mag te beurt geval het?

Van die politici is daar geen heil te wagte nie. Vir hulle bestaan die soldaat sover as wat hy 'n stem besit. Onderwyl die een party hulle opgehemel het as redders van die beskawing het die ander hulle uitgemaak vir rooivlerk-spreeus en wat nie nog nie. Daarom het meer as 'n derde van die soldate dan ook buite stemming gebly op 7 Julie.

### SIMPATIE NODIG

Meer en meer gaan daar stemme onder die soldate op dat 'n anti-kapitalistiese eenheidsbeweging die enigste middel is om weer reg aan hulle te laat geskied. Politieke partye wat met die groot kapitaal moet flirteer ten einde hul mag te behou, staan magteloos teenoor die vraagstukke waarmee die teruggekeerde soldaat te kampe sal hê. **Wat nodig is, is nie woorde en beloftes nie, maar in die eerste plaas 'n GEVOEL vir die soldaat en die arm man. Alleen 'n beweging wat ontstaan het as reaksie teen die gewetenlose uitbuiting van die kapitalisme en volksbedrog van die partypolitiek is in staat om die hand van die soldaat te vat. Daardie beweging is die Ossewabrandwag.** Op 'n oomblik toe misleide en aangehitste soldate-groepe aanvalle gemaak het op O.B.-lede, toe Brandwagte dit nie kon waag om met 'n baard op straat te verskyn nie, **het die Ossewabrandwag by monde van sy leier van die openbare verhoog waarderend gepraat van die soldate en verklaar dat hulle na die oorlog sal terugkeer tot die boesem van hul volk.** Oor daardie uitspraak van die Kommandant-generaal is hy baie kwalik geneem deur politieke kringe wat toe verkies het om van soldate as rooivlerk-spreeus te praat — want die verkiesing was toe nog baie ver. Herhaalde maal daarna, toe die Ossewabrandwag niks daardeur te win gehad het nie, is hierdie woorde deur O.B.-leiers herhaal.

### ROTSGEBONDE

Baie duidelik het die Kommandant-generaal die Ossewabrandwag se standpunt op 4 Julie te Pretoria verduidelik waar hy as volg verklaar het: **,,Elke Afrikanergesin moet 'n sel wees in die liggaam van die Afrikanerdom, of die broodwinner nou boer of werker of amptenaar is. Almal is ewe waardevol of hulle in die myne werk of op die spoorweë, op die plase of in die kantore. Een en almal is hulle draers van die Afrikanerbloed en toevallighede soos hulle werk of partytrou, of die rooi-lus op hul skouers, kan die bloed en sy lotsgebondenheid nie verander nie.''**

Omdat die Ossewabrandwag bely dat gelukkige en gesonde gesinne die voorwaarde is vir 'n gelukkige en welvarende volksbestaan, gaan sy belangstelling uit tot elke volkslid en dus ook tot die soldaat. Die Ossewabrandwag stel hom ten doel die opbouing van 'n gesonde en welvarende volk, in teenstelling met 'n politieke party wat 'n eleksie-oorwinning beoog. Daarom verwelkom hy die volksgenoot selfs al beveg daardie volksgenoot hom nog op die oomblik.

### ALMAL SAAM

**Vir die teruggekeerde soldaat bestaan daar geen organisasie waarmee hy vir sy regte kan veg nie. Daar kan wel n' oud-soldate-bond gestig word soos die Oud-strydersbond, maar hulle is stemme roepende in die woestyn. Niemand gee ag op hul smeekbedes en besware nie. Binne die Ossewabrandwag daarenteen kan die soldaat skouer aan skouer veg met die werker, met die boer, met die klerk — in kort met sy hele volk vir sy persoonlike regte en die regte van sy volk. Alleen so kan ons in geslote geleder die hoof bied teen kapitalistiese aanslae en ekonomiese ontwrigting.**

MARKAGENTE

Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers, Pluimvee, Groente, Vrugte, Voer en Vee.

Volkskopermark BPK.

MOREMARK, NEWTOWN.
Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62
JOHANNESBURG.

W. F. CARSTENS
(Edms.) Bpk.
BEGRAFNISONDERNEMERS en BLOEMISTE
Centralweg 52, Fordsburg
Becketts-gebou, Presidentstraat, Johannesburg
DIENS ONOORTREFLIK — PRYSE LAAG

Foon 62 Posbus 53
HEILBRON

OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

Die MODERNEWINKEL

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

,,Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses.''

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: ,,'N BOODSKAP AAN U''.

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ______________________

Naam ______________________

Adres ______________________

(O.B., 10 Nov. 43). ______________________

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

## *Geklassifiseerde Advertensies*

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

**Handelsadvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

**INTEKENGELD.** (Streng vooruitbetaalbaar).
**Deur Kommando:** 6/- per jaar, 5/- per halfjaar.
**Nie deur Kommando** maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.
**Adresveranderinge:** 1/- per adresverandering.

### VERLOWING

**PIENAAR—SMIT:** Hiermee wens ons twee, Dina, van Bellville, en Ag. Komdt. Smit van Eppingtuindorp, bekend te maak dat ons op 6 Nov. 1943 verloof is.

### DOODBERIG

**PIENAAR.** — Dit het die Heer behaag om slegs aan ons te leen vir ses dae ons liefling Jacobus Dormel, gebore 17 Okt.
Die Heer het gegee,
Die Heer het geneem
Die naam van die Heer word geprys.
Komdte. en Brandwag J. Pienaar, Stolzhoek, Beaufort-Wes.

### DANKBETUIGING

Hiermee wens ons familie, vriende(inne) en belangstellendes te bedank vir deelneming in ons onherstelbare verlies. Ons verseker u dit is soet druppels in ons bitter beker. Die diepbedroefde ouers, broers en susters Baard. Semper Eadem, Moorreesburg.

### TE HUUR

GEMEUBILEERDE enkel-kamer; Huur £3 per maand; vanaf 1 Desember tot 29 Februarie 1944. Doen aansoek 48 **Cleeweg, Observatory.**

### BENODIG

TIEN sakke Kaal hawer. Kwotasie aan: **Genl. E. B. Cadle, Twyfelfontein. P.K. Mooirivier, Natal.**

### BENODIG

2 AFRIKANER dogters, betroubaar en lief vir kinders, ook vir algemene huiswerk en kook. £3 — £4 per maand volgens bekwaamheid. **Mev. R. L. Barry, Reitzstraat, Robertson.**

### TE KOOP

STERK, gewortelde angellerplantjies: Regina — Ligpink; Rex — Helderpink; Pionier — Roospink; Salm Regina; Idaho Beauty — lig pers; 3/6 per dosyn, (nie minder dan ses van een soort); 15/- 100; £6 1,000. Lorraine — ligpink, met roospink stippels 21/- dosyn. Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid — wit met rooi strepies 5/- dosyn; 25/- 100; Duke of York — Salm met rooi strepies 25/- dosyn; Charmaine — baie ligte roomkleur met roos pink merkies 30/- dosyn. K.M.B. Posvry Unie. **Thos Dunn, Bus 51, Tzaneen.**

WANGANELLA RAMME. — Opreggeteelde Wanganella Ramme verkrygbaar vanaf 1 April 1944, teen billike pryse. Groot karkasse en hoë kwaliteit wol die kenmerke. Bestel vroegtydig ten einde teleurstelling te voorkom. **F. S. Olivier, P.S. Oude Land, Dist. Graaff-Reinet.**

PRAGTIGE stamboek, Large-white teelvarkies, van die beste bloed in ons land. Soggies 60/-; Beertjies 50/-, V.O.S. Moedig. Registrasie 7/6 ekstra. Aflewering 2½ maande ouderdom. **S. L. Hartman, Moedig, Transvaal.**

SPRINGBOKKE.—Mak, ram en ooi, 3 maande oud. Drink melk uit bottel en kan gespeen word. Gelewer Koffiefonteinstasie; £5-10-0 die paar. **Snyman, Spioenkop, Koffiefontein.**

**DEEL in die Winste.** — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

### TE KOOP

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé. Sasbankgebou, Bloemfontein.**

**MELK en VLEIS!** Dunbar Rooipoenskopstoetery bied geregistreerde en hoëgraad jong bulle aan, almal kalwers van die ingevoerde top stoetbul Knepp Solicitor. Vir verdere besonderhede en pryse besoek, of skryf aan: **Enslin, Pos Gloria, Middelburg, Transvaal.**

**BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wageaer, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**


## *DIE BOEREJEUG*

Die Jeugleier, prof. D. J. van Rooy, rig onderstaande aan die Boerejeug:

1. **Viering van Heldedag:**

In antwoord op my versoek in Die O.B. van 13 Okt. het ek al verskeie mooi briewe en wenke ontvang, waarvoor my dank. Graag verneem ek nog meer gedagtes oor die saak: die Boerejeug wil in vervolg Heldedag in die regte gees en op die bes moontlike wyse vier.

2. **Ons Geldsakies:**

Sonder die nodige middele kan geen ding bestaan nie. Ons middele, d.w.s. die geldjies, moet ons self sover moontlik vind. Nie vir elke pennie by Pa of Ma aanklop nie, maar elkeen self 'n plan maak of groepsgewyse saam iets verdien, deur eie inspanning en vernuf. Laat ons ien wat ons verpligtinge is:

(a) **Die ledegeld** van 1/- per jaar (vir volwasse offisiere van die Boerejeug is die bedrag 3/- per jaar). Die ledegelde moet jaarliks so gou moontlik na 30 Junie betaal word. Wie dus nog nie vir die lopende jaar betaal het nie moet dit nou dadelik doen.

(b) **8 Augustus:** Dit is die dag waarop jaarliks die hele O.B., groot en klein, sy groot poging doen om sy fondse te sterk. In vervolg gaan die Boerejeug sy volle aandeel aan 8 Aug. hê. Begin nou al. Geld wat vir dié doel gedurende die jaar ingesamel word kan tot 8 Aug. op spaarbankrekening geplaas en dan saam met die opbrengs van dié dag afgedra word. Op verskeie plekke het die Boerejeug vanjaar hier en daar selfs al verlede jaar, hulle bydraes gelewer. As voorbeelde noem ek:

Stellenbosch-dogters (verlede jaar) £15-6-9, vanjaar seker meer. Malmesbury £30, Paul Roux £20, Piet Uys (11 jaar) £10 (vir 'n bees). Rietbron £7 10s., Vryburg (7 lede) £1-9-9.

Dis maar 'n paar gevalle wat ek van weet, daar is seker nog ander wat nie bekendgemaak is nie. Volgende jaar gaan ons 'n volledige lys van Boerejeug-bydraes vir 8 Aug. publiseer.

(c) **Ons eie Noodhulpfonds:** Vanaf die datum van aankondiging (14 Julie) is die bedrag van £49-17-11 in Die O.B. erken. Dit is 'n goeie begin en toon dat ons ons warme gevoel vir die kinders van geïnterneerde Afrikaners met dade wil betuig. Daarmee eer ons ook die manne wat hulle vryheid vir die volksaak opgeoffer het.

3. **Hoe te werk te gaan:**

Van elke volwasse Boerejeug-offisier word verwag dat hy (sy) maandeliks, per kwartaal of jaarliks 'n vaste bydrae aan ons Noodhulpfonds sal afstaan. Dit sal die plig van elke offisier wees om sy (haar) junior-offisiere hieraan te herinner. Wat die jeug self betref, hulle is vindingryk genoeg en bedink maklik self 'n plan. Daarvan getuig die kort beriggies wat hieroor telkens in Die O.B. verskyn, by voorbeeld in die uitgawes van 14, 21, en 28 Julie, 1 en 29 September en 13 Oktober. Hierdie voorbeelde is 'n bewys nie alleen van offervaardigheid nie maar ook van oorspronklikheid. Laat ons toon dat ons as deel van ons volksbeweging bereid is om ook ons verpligtinge na te kom, veral in hierdie tyd wat van elke man, vrou en kind van ons volk die inspanning van alle kragte tot volksbehoud verg.

## „TOT ONS INNIGE SPYT"

### Treffende Voorbeeld van Partypolitieke Onmag

Van Ossewabrandwagkant is dikwels al daarop gewys dat die partypolitiek nie 'n volhardende stryd kan voer nie. Daar word eenmaal in vyf jaar geveg en daarna word die stryd gestaak tot die volgende verkiesing. Dit is een groot opvlamming van geesdrif, van toesprake en koerantberigte, en dan versterf alles binnekort daarna. By die Ossewabrandwag daarenteen, wat 'n volksbeweging is, word daar elke dag van elke jaar geveg en gewerk vir die dinge wat hy hom ten doel gestel het. 'n Treffende en vernietigende bewys van hierdie teenstelling is die volgende:

Toe die Regering in Januarie 1942 daartoe oorgegaan het om honderde manne in die tronk te stop en te interneer, is daar sowel deur die Ossewabrandwag as die H.N.P.-pers 'n oproep vir die stigting van 'n fonds vir die afhanklikes van die gevangenes gedoen. In sy oproep het Die Burger verklaar dat dit eintlik die werk van die Ossewabrandwag was, maar „vandat die verkeerde koers van sy hoofleiding daardie organisasie gebreek het, is dit nie meer die geval nie", aldus die blad, wat dan daarop laat volg: „In sulke omstandighede moet 'n ander plan gemaak word. In elke provinsie sal trustees aangewys word om alle bydraes te ontvang en dit te bestee." Dit was op 22 Januarie 1942. Met behulp van drie groot dagblaaie en een halfweeklikse blad is daar toe 'n fonds vir die geïnterneerdes geopen wat op om en by die £4,000 doodgeloop het. Op 8 Mei 1943 — dus vyftien maande na die stigting van die fonds — skryf die sekretaresse onderstaande brief aan die vrou van 'n geïnterneerde in Johannesburg:

„Geagte Mevrou, namens my komitee moet ek, tot ons innige spyt, u meedeel **dat die fonds nou uitgeput is en dat ons onmoontlik nie nog 'n poging kan aanwend om fondse in te samel nie.** Ontvang dus hierdie laaste klein bedraggie van die fonds. As u enigsins nog verder hulp nodig het in die toekoms **kan u met die grootste vrymoedigheid by die Armesorgraad aanklop** waar u behoeftes met baie belangstelling oorweeg sal word. Die adres van die Armesorgraad is kamer 317, Voortrekkergebou. Met vriendelike groete en beste wense, die Uwe,—Sekretaresse."

#### OSSEWABRANDWAG

Hierteenoor staan die Ossewabrandwag se prestasie wat getuig van stille en volhardende ywer. Ses maande nadat hierdie brief aan die afhanklike van 'n geïnterneerde geskryf is waarin sy na die Armesorgraad verwys word, kan die Ossewabrandwag aankondig dat hy **sonder** 'n dagbladpers en **ten spyte van** die hewigste en gekonsentreerde aanvalle van **alle** partypolitieke wapens, £40,000 ingesamel het ten behoewe van die geïnterneerde en gevange Afrikaners. **Nog steeds onderhou sy fonds honderde gesinne, sodat daar gemiddeld £2,000 per maand uitbetaal word aan noodhulp.**

**En hierdie geld het hy ingesamel onderwyl die H.N.P-pers konsekwent geweier het om betaalde advertensies ten behoewe van sy Noodhulpfonds op te neem.** In Julie hierdie jaar het Die Volksblad by voorbeeld nog sonder opgaaf van redes geweier om 'n advertensie ten behoewe van die fonds vir die Aliwalse kommando te plaas, en 'n paar weke gelede het Die Transvaler nog 'n dergelike advertensie aan die Rand geweier. **Nogtans was die Ossewabrandwag in staat om nie alleen £2,000 per maand uit te betaal aan alle afhanklikes wat hy onder sy sorg geneem het nie, maar om ook nog daardie gesinne se sorg te aanvaar wat nou deur die partypolitieke onderneming na die Armesorgraad verwys word.**

Hierdie gebeurtenis kenskets die algemene optrede van die partypolitiek. Solank daar propaganda te slaan is uit 'n vraagstuk, solank geniet dit die aandag van die politici, maar sodra die vraagstuk uit die openbare belangstelling verdwyn, verval ook daarmee die ywer om dit aan te pak en deur te voer. Die Volksbeweging daarenteen is nie belus op reklame nie. **Hy is daar om te werk en te dien. Wat hy aanpak, voer hy deur tot die oorwinning. Daarom sal die solank vertraagde republiek alleen deur die volhardende inspanning van die Ossewabrandwag tot stand kom.**


## Belangrike Boeke

| | |
|---|---|
| **Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. | **6/6 p.v.** |
| **Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström .. .. | **6/6 p.v.** |
| **Mietes en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam | **6/6 p.v.** |
| **Skandinawiese Vertellinge** .. | **4/6 p.v.** |
| **Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar | **6/6 p.v.** |
| **Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. | **1/6 p.v.** |
| **Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. | **5/6 p.v.** |

**Stuur u bestelling aan**
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Die Laan — Stellenbosch

**HERNOLDT SE BOOMKWEKERYE**
**Bus 660 — Johannesburg**
**KRISANTE:** Oktober-November planttyd, reuse vertoonsoorte, pragtige gesorteerde kleure. Tuinversameling 9/6 vir 6, 15/6 per dos. De Luxe Sortering 10/6 vir 6, 18/6 per dosyn.
**ANGELIERE:** Amerikaanse pragtige sorterings, fraai kleure 7/6, 10/6 en 12/6 per dosyn. Kontant met bestelling.
**ROSE en VRUGTEBOOM** bestellings vir Winter 1944 word nou aangeneem. Geïllustreerde Katalogus Gratis.

INTEKENVORM „DIE O.B.

Die Bestuurder,
Voorslag Edms. Bpk.,
Posbus 1411, KAAPSTAD.

Waarde Heer,
Ingesluit vind u die bedrag van............sjielings, synde intekengeld vir........jaar...........maande.

NAAM: ..............................................................
(Naam in Drukskrif asb.)

ADRES: ..............................................................
(Volledige posadres asb).

**Hierdie vorm is alleenlik vir nie-Kommando Intekenare.**

ROBERTSON TRUST & AGENTSKAP BEPERK.

## PUBLIEKE VERKOPING

van

**KOSBARE PLAAS IN BREËRIVIER-VALLEI**

WOENSDAG, 24 NOVEMBER 1943 om 10-uur v.m.

Op las van mnr. JACOB BRUWER verkoop ons sy produktiewe wingerd en gemengde boerdery plaas, deel van Wakkerstroom, distrik Robertson, groot 366 morge, op die plaas, datum en tyd hierbo gemeld.

Hierdie plaas waarvan sowat 30 morge onder besproeiing is uit die Angora kanaal en uit die Wakkerstroom privaat sloot, lê op die hoofpad Robertson—Stormsvlei, sowat 10 myl van Robertson dorp, in die vrugbare Breërivier vallei. Water vir besproeiing permanent en oorvloedig. Goeie plaasgeboue, sowat 68,000 wingerdstokke — omhein en in kampe verdeel.

Vra vir strooibiljette en verdere besonderhede.

Inspeksie van die eiendom kan gereël word met die ondergetekendes.

J. H. GENIS,
Sekr. Robertson Trust & Agentskap Bpk.,
Robertson.

WARREN, SMITH & WHITE,
Afslaers,
Bus 41, Robertson.